Leer uit Gister, Leef vir Vandag, Werk vir Môre

Riebie Klanke

Jaargang 25 | Nommer 46 | 21 Oktober 2021
d6 Connect | www.riebie.co.za

UIT DIE HOOF SE PEN

Don't be afraid of change. You may end up losing something good,
but you'll probably end up gaining something so much better.

DIE FINALE EKSAMEN BEGIN OOR 24 DAE....

ALGEMENE JAARVERGADERING

Dankie aan elke Riebie-ouer wat ons aanlyn jaarvergadering bygewoon het. Ons het 200 ouers gehad wat Maandag deel was van ons AJV en ons het 'n kworum van 15% gerieflik met die eerste probeerslag bereik!

Die verslae van 2021 en die begroting vir 2022 was voorgehou. Ouers het ook vir die resolusies vir 2022 stem. Daar was 11 resolusies voorgehou en 99% van ons ouers het gestem en 98% positiewe (JA) stemme aangeteken.

Die Riebie-gemeenskap het weereens gewys dat ons trots is op die skool en deur "dik en dun" saamstaan.

SKOOLGELDE vir 2022

GRAAD 1

❖ Tydens inskrywing (*Skriftepakket ingesluit*)	R 1, 600.00
❖ R1, 545.00 x 11 maande (1 Januarie 2022 - 1 November 2022)	R16, 995.00
TOTAAL BETAALBAAR	**R18, 595.00**

OF

❖ Tydens inskrywing (*Skriftepakket ingesluit*)	R 1, 600.00
❖ **Eenmalige betaling** van R15, 450.00 vir skoolfonds voor of op 28 Februarie 2022, om te kwalifiseer vir een maand korting (R16, 995.00 – R1, 545.00 = R15, 450.00).	R15, 450.00
TOTAAL BETAALBAAR	**R17, 050.00**

GRAAD 2 – GRAAD 7

- R1, 545.00 x 11 maande (1 Januarie 2022 - 1 November 2022) **R16, 995.00**

OF

- **Eenmalige betaling** van R15, 450.00 vir skoolfonds voor of op 28 Februarie 2022, om te kwalifiseer vir een maand korting (R16, 995.00 - R1, 545.00 = R15, 450.00).

TOTAAL BETAALBAAR **R15, 450.00**

GRAAD R en RR

- Tydens inskrywing (*Verpligte T-hempies uitgesluit*) R 1, 625.00
- Skoolgelde (R1, 625.00 x 12) - R19, 500.00

die eerste maand se betaling moet gedoen word voor of op 30 November 2021 en die laaste betaling teen 1 November 2022.

TOTAAL BETAALBAAR **R21, 125.00**

OF

- Tydens inskrywing (*Verpligte T-hempies uitgesluit*) R 1, 625.00
- **Eenmalige betaling** van R17, 875.00 voor of op 28 Februarie 2022, om te kwalifiseer vir een maand korting (R19, 500.00 - R1, 625.00 = R17, 875.00). R17, 875.00

TOTAAL BETAALBAAR **R19, 500.00**

Algemeen:

Ouers moet asseblief daarop let dat die skoolgelde vir 2022 jaarliks gehef word en nie maandeliks nie.

RIEBIE RAKKERS NASKOOLSENTRUM

Naskoolgelde (R825.00 x 12) R9, 900.00

TOTAAL BETAALBAAR **R9, 900.00**

- R825.00 x 12 maande waarvan die eerste maand se betaling gedoen moet word voor of op 1 Januarie 2022 en die laaste betaling teen 1 Desember 2022.

OF

- **Eenmalige betaling** van **R9, 075.00** voor of op 28 Februarie 2022, om te kwalifiseer vir een maand korting (R9, 900.00 - R825.00 = R9, 075.00).

VERKEER OM DIE SKOOL

Daar is groot volumes verkeer wat in spitstye om die skool beweeg en indien motoriste nie gesonde oordeel gebruik nie, veroorsaak dit ‘n bedreiging vir die veiligheid van voetgangers en ander motoriste. U kinders is ons leerders en daarom ons kosbaarste besitting, en hul veiligheid en sekuriteit is vir ons van kardinale belang. Ons doen dus ‘n ernstige beroep op al ons ouers om te alle tye die padreëls te volg, veral as u om die skool ry.

Daar is reeds vanaf 2018 met die Verkeersdepartement gekorrespondeer oor die kongestie van verkeer rondom die skool, gedurende spitstye. Die Verkeersdepartement is tot dusver van oordeel dat ‘n permanente een-rigting verkeer om die skool, dit wil sê 24-uur per dag, ‘n groter risiko inhou omdat dit die spoed van verkeer sal verhoog en ongelukke, meer ernstige ongelukke, kan veroorsaak. Ons het ook verneem dat die EMPD van tyd-tot-tyd om die skool beweeg om die verkeer te monitor, en dat hulle gedurende dié tye padwet-oortredings polisieer. Maak asseblief seker dat u nie die padreëls oortree nie.

Ons deel die pad om die skool met alle motoriste en daarom is dit belangrik dat ons veral die huiseienaars om die skool in ag moet neem, wat ook in- en uit hulle wonings moet beweeg, wanneer ons om die skool ry of selfs parkeer. Al beweeg ons in ‘n eenrigting om die skool om die lewe vir onsself makliker te maak, moet ons nie sig verloor dat dit steeds volgens die Padverkeerswet ‘n twee-rigting pad is nie. Met geduld en respek vir ons mede-mens sal 99% van die frustrasies agter die stuurwiel verdwyn.

Baie dankie aan die meerderheid ouers wat steeds gedurende die oggende en die middae in ‘n een-rigting om die skool beweeg. Dit blyk doeltreffend te wees met die verkeer-verligting. Ons vra dat almal getrou by dié gebruik sal bly.

Ek vertrou dat die skool op u samewerking kan staatmaak. Kom ons doen dit, nie net vir onsself nie, maar ook vir ons kinders.

Byvoorbaat dankie vir u ondersteuning in die verband.

“Yesterday I was clever, so I wanted to change the world.
Today I am wise, so I am changing myself.”

~Rumi ~

Groete tot volgende week.....

V BOTHA – SKOOLHOOF

SPORT

ATLETIEK

Super 12-byeenkoms

Die Super 12-byeenkoms sal op 23 Oktober 2021 by Tuks plaasvind. Leerders en ouers sal die nodige inligting ontvang, tesame met 'n program en algemene reëlings.

Oefentye

Maandae – Donderdae	14:15 – 15:15	Middel-afstande & Naellope

RUGBY EN NETBAL

Oefentye

Maandae – Donderdae 15:15 – 16:15

Spesifieke dae wat verskillende ouderdomsgroepe oefen sal gekommunikeer word.

TENNIS

Oefentye

(Graad 4 – Graad 7 seuns en dogters)

Dinsdae en Donderdae 06:00 – 07:00

GHOLF

Die jaarlikse Gholf Liga datums is as volg:

25 Oktober 2021	A- en B-spanne	by Serengeti Gholfklub
28 Oktober 2021	C-spanne	by Avion Gholfklub, Kempton Park

Die Super 12 Gholf sal op 5 November 2021 by Serengeti Gholfklub plaasvind. Die leerders wat aan die Super 12 gaan deelneem sal die nodige inligting ontvang.

KULTUUR

REDENAARS

Baie geluk aan die volgende leerders met hul prestasies tydens die Oppi Tong Af Nasionale Finaal kompetisie:

Engelse Afdeling

Okuhle Ntuli	Graad 1	1ste plek
Skylar Naidoo	Graad 1	2de plek
Amika Theron	Graad 2	2de plek

ALGEMEEN

FOTODAG

Onthou fotodag, **22 Oktober 2021**. Personeel sal reëlings tref met leerders rakende die kleredrag waarin hul afgeneem gaan word.

RIEBIE RAKKERS NASKOOLSENTRUM

Kontaknommers:

- Junior Naskoolsentrum: 076 515 5497
- Senior Naskoolsentrum: 082 265 4909

Vir enige navrae of klagtes, e-pos gerus vir Mev. T. Abrahams by teresa@riebie.co.za

HUISWERK-TOESIG TYDENS EKSAMEN – GRAAD 4 – GRAAD 7

1ste Sessie	12:45 – 13:30	Verpligtend
2de Sessie	13:45 – 14:30	Opsioneel
3de Sessie	15:15 – 16:00	Opsioneel

Indien leerders nie by die Riebie Rakkers Naskoolsentrum ingeskryf is nie, is ouers welkom om leerders as dagbesoekers na die toesigklas vir studie te stuur. Koste is R50.00 per dag per leerder.

NEEM KENNIS:

Die Naskoolsentrum sal op Maandag, 1 November 2021, (publieke vakansiedag - stemdag) gesluit wees.

SPYSKAART VIR DIE WEEK: 25 OKTOBER 2021 – 29 OKTOBER 2021

MAANDAG	WARMBRAKKE	BROODJIE & SAP
DINSDAG	GEBAKTE PASTA	BROODJIE & SAP
WOENSDAG	BURGERS	BROODJIE & SAP
DONDERDAG	KERRIE MAALVLEIS EN RYS	BROODJIE & SAP
VRYDAG	RUSSIAN & CHIPS	SKYFIES / SAP & VRUG

*** Die spyskaart is onderhewig aan veranderings ***